U is die Man.

Uittreksel van die preek: B180b

Skriflesing uit: 2 Sam.12:1-14

Kernvers: 7 – 'Toe sê Natan vir Dawid: U is die man!'

Dis 'n verskriklike ding om bedrieg te word maar nog veel erger om jouself te bedrieg! Hoe verskriklik as daardie bedrog betrekking het op jou eie onsterflike siel ?!

Daar is 'n God voor wie ek eendag sal staan om rekenskap te gee. Dan kry jy mense wat sê dat daar nie 'n hel is nie? Maar as jy die kruis van Golgotha kan peil sal jy besef dat daar 'n hel moet wees, want dit is die prys wat betaal was vir u en vir my redding.

Ons moet opnuut kyk na ons redding en ons eie harte ondersoek, om te sien of ons nie dalk in 'n toestand van selfbedrog verkeer nie. Baie mense sal sê: Ag! Ek is nie so sleg nie – jy moet daardie ander een sien! En hoe vinnig is ons nie om die vinger te wys na ander nie en 'n oordeel oor hulle uit te spreek nie!?

Kom ons kyk na onsself en ondersoek ons eie harte – kom ons lees God se Woord en bid en vra dat die Here met ons sal praat…

Dis aangrypend om te dink aan hierdie kind van God – Dawid! Hy wat so lief was vir die Here en tog het hy in 'n toestand van totale blindheid verkeer totdat Natan vir hom moes sê: 'U is die man!'